## 8 Maart Maleagi 2:17-3:5

### *Die Suiweraar is op pad!*

Wanneer God se kerk voeling met Hom verloor en in koue formalisme begin vasval, los Hy nie maar sy kerk nie. Hy gryp in en begin suiwer. Algaande beland daar mos huigelaars en skynheiliges in die kerk.

Hier in die laaste paragrawe van die Ou Testament sien 'n mens die waterskeiding: vers 17: "Julle het die Here moeg gemaak..". God is lankmoedig. Hy gee kans vir bekering (2 Pet 3:9), maar nou het Hy genoeg gehad. So kan sy volk nie voortgaan nie. Hulle godsdiens is koud en leeg. Hulle leiers het verleiers geword. Hulle huwelikslewe is in chaos. Maar hulle begin God beskuldig (vers 17) en slaan 'n koers van eiegeregtigheid in. Hulle was oortuig dat hulle beter van God verdien as wat hulle ontvang het. Hulle vra: Wat het van sy beloftes geword? Waar is die Messias? Die Here se antwoord aan die volk is: "Ja, die Verbondsengel na wie julle met soveel vreugde uitsien, gaan nou kom..., maar wie kan standhou as Hy verskyn? Hy is soos die vuur van die smelters en soos die seep van die wassers ... Hy gaan die Leviete suiwer.."..

Die oordeel begin by die huis van God. Vir 'n volle 400 jaar sou die Here se stem stil word. Hy gee die eiegeregtigheid van die Jode kans om tot volle wasdom te groei in die vorm van die Fariseïsme wat ten volle op wetsonderhouding staat gemaak het. Dan kom Jesus Christus. Hy bring die skeiding. Hy kom suiwer God se volk. Hy is soos iemand wat silwer smelt en suiwer. So sal Hy as regter gaan sit om die Leviete te suiwer. God self sorg vir sy kerk se toekoms.

Sing: Psalm 33:6 Ds. DJ. de Kock (Pietersburg-Suid)